'Niemand KEN my nie'

Dalene Matthee het kort voor haar dood vroeër vanjaar met AMANDA BOTHA gesels oor die ontstaansgeskiedenis van haar laaste roman, Die uitgespoeldes – maar sy het tot aan die einde ontwykend gebly oor haarself.

Die storie van Die uitgespoeldes, Dalene Matthee se agtste en laaste roman, was heeltyd in haar agterkop terwyl sy aan haar bosromans gewerk het. Minstens agttien jaar voordat sy die manuskrip voltooi het, het sy al inligting daarvoor begin versamel. Sy het egter lank gesoek na 'n invalshoek en sy was ook lank onseker oor wie haar personasies sou wees.

Soos in haar bosromans bring sy in Die uitgespoeldes verskillende mense bymekaar – net om hulle ook teenoor mekaar te stel. Dit was juis om hierdie verhouding tussen sosiale ongelykes te verken dat Matthee besluit het op 'n sprong in die geskiedenis om die lewe van "die uitgespoeldes" – Moses Swart aan die een kant en lord en lady De Saumerez aan die ander kant – saam te bring. Hul verhaal speel hom in die Strandveld af, waar die kontreimense se gang deur die see bepaal is.

In 'n laaste onderhoud met Matthee, knap voor haar dood in Februarie vanjaar – en net nadat sy haar manuskrip ingelewer het om die eerste Afrikaanse publikasie van Penguin Books in Suid-Afrika te word – het sy in 'n onderhoud met my vertel wat haar werkwyse was en hoe sy hierdie storie te boek gestel het.

Soos in al haar vorige boeke was haar vertrekpunt deeglike navorsingswerk. Sy het besoeke gebring aan die omgewing waar die verhaal hom afspeel, elke boek of publikasie oor die onderwerp en mense deeglik gelees en noukeurige aantekeninge gemaak oor wat sy van hul persoonstrekke kon aflei. Sy het onderhoude gevoer met mense wat persoonlik oor die gegewe kon verslag doen.

Haar navorsing vir hierdie roman het haar na die Bredasdorpse omgewing geneem, veral om onderhoude te voer met werkers wat in die 1950's in Springfield vir lord en lady De Saumerez gewerk het.

"Ek neem op band op en vra uit en volg op," het sy vertel. "Ek bring in wat ek gelees het en wat ek uit my leeswerk afgelei het en ek vra reguit op die man af."

Skaam vir die reguit vraag was sy nie. "As ek moet weet of daar 'n ding was tussen die ou man en die jonger vrou, vra ek dit. En as ek effens onseker is oor die antwoord, vra ek dit wéér."

Ná so 'n besoek, waarop sy talle aantekeninge van waarnemings gemaak en selfs tonele op 'n videoband laat vaslê het vir die fyn kyk agterna, het sy dadelik met haar eie debriefing – soos sy dit genoem het – begin. Sy het alles op haar rekenaar oorgetik en agterna met haar "legkaart" begin om al die stukkies inmekaar te laat pas.

Interessant was haar vertelling oor hoe sy eers die gebied verken, deeglik kennis neem van afstande, van watter kant die wind waai, hoe die weer met die plek maak en wat gebeur as die see stormagtig sou wees. Al die waarneembare gewoontes is neergeskryf in die vorm van 'n soort sosiale geskiedenis in die kleine.

"As ek eers my terrein afgebaken het vir die afspeel van gebeure, begin ek inkleur. Dan skuif die mense in en hulle beweeg binne die ruimtes," het sy gesê.

Matthee het haar altyd omring met kundiges wanneer sy 'n onderwerp aangepak het. Met Die uitgespoeldes was die bydrae van Piet van As vir haar kosbaar. Van As, 'n gebore Strandvelder wat die plase Springfield, Ratelrivier en Renosterkop intiem ken, het Matthee bygestaan. Die enorme briefwisseling tussen dié twee getuig van hoe deeglik Matthee op die spoor van haar karakters, die omgewing en stories uit die volksmond geloop het.

Elke mededeling van Van As is dadelik deur Matthee opgevolg met ritse vrae. "Hoe lyk 'n stormsee? Hoe huil die wind? Wat word uitgespoel? Wanneer bedaar die wind gewoonlik in 'n storm?" is enkele van die vrae waarmee sy Van As gepeper het. (Die antwoorde op dié vrae het neerslag gevind in Matthee se beskrywing van oudpremier Harold MacMillan se nag in 'n strandhuis toe 'n Strandveldse stormsee en wind die Britte laat wonder het of hulle ooit weer die beskawing sou sien.)

In haar navorsing het Matthee nooit die maklike uitweg gevolg nie. So moes sy lank volhard voordat lord Eric Douglas, sewende baron De Saumerez, van Londen op haar korrespondensie en versoeke begin reageer het. "Rateltaai" is hoe sy haar gedrag beskryf om 'n baie skeptiese edelman – die kleinseun van lord Vincent de Saumerez van Springfield – oor te haal om met haar saam te werk. Maande lank het die moontlike samewerking aan 'n draadjie gehang totdat die lord uiteindelik besluit het om tóg sy samewerking te gee en sy familie-argief tot Matthee se beskikking te stel.

Hierdie voorheen ongepubliseerde – en onbekende – inligting het gestalte gegee aan die Britse adel wat hoofpersonasies in Die uitgespoeldes geword het. Van deurslaggewende belang was die dagboek wat lady Gunhild gehou het terwyl sy in Springfield en Ratelrivier gewoon het.

Al die karakters in Die uitgespoeldes is historiese figure – baie is reeds dood, maar enkeles leef nog. Een van hulle is Moses Swart, wat in 1905 as klein seuntjie by Rietfontein se baai uitgespoel het en onder 'n baadjie deur Piet Lourens en Koos Swart gevind is. Swart en sy vrou was kinderloos en het die seuntjie, moontlik drie jaar oud, aangeneem en gedoop. Hy het as hul eie grootgeword en is eers in die 1950's oorlede.
Vir Matthee was haar gunsteling-karakter egter Katoeka, die bosvrou wat ook as heks gevrees is. Katoeka het werklik bestaan en daar is talle stories rondom hierdie merkwaardige vrou, veral oor die magiese kragte van haar moeties, haar kennis van veldplante en dat sy die dood kon aanvoel. Sy was 'n moeilike entjie mens, maar 'n wyse ou vrou.

Dit is die karakter wat by uitstek die onbetwiste Matthee-stempel dra. By nabetragting wonder 'n mens hoeveel van Matthee in hierdie karakter is. Het sy haarself in die storie "ingeskryf" deur die gestalte wat sy aan Katoeka gegee het?

Maar met so 'n stukkie wonder hieroor onthou ek weer duidelik Matthee se laaste woorde aan my: "Niemand gaan oor my 'n biografie skryf nie, hoor. Nottedêm. Niemand ken my nie."

- Amanda Botha is 'n vryskutjoernalis.

BOEKE / Onder redaksie van SONJA LOOTS

BRON: Rapport, 30 Oktober 2005